# Nuwe mantel en stadsaal, Strijdomplein

PRETORIA — Twee bakens in die hoofstad, Strijdomplein en die Stadsaal, is stadig maar seker besig om 'n gedaanteverwisseling te ondergaan.

Die gewoel en gewerkskaf aan Strijdomplein is reeds meer as 'n jaar aan die gang en sal hopelik vroeg aanstaande jaar weer vir die publiek oopgestel word.

Die hele plaveisel wat opgelig en gevaar vir voetgangers ingehou het, word nou deur die kontrakteurs, Gordon, Verhoef en Krause en ander subkontrakteurs, vervang en 'n nuwe waterdigtingslaag word ook gelê. Die taak sal sowat R2 miljoen beloop.

Vroeg volgende jaar sal Strijdomplein weer 'n lus vir die oog wees met die netjiese plaveisel en uitgelegde tuine, nadat 'n storm meer as 'n jaar gelede losgebars het oor die feit dat Strijdomplein 'n balk in die oog vir Pretorianers geword het.

In teenstelling met Strijdomplein is die verandering aan die Stadsaal nie so omvattend nie, alhoewel die restourasie van die dak sowat R665 000 sal beloop.

Die bou van die nuwe dak, wat noodsaaklik is weens die baie waterlekke wat oudhede beskadig en die nuwe pleisterlaag en ander opknappingswerk is reeds verlede maand mee begin. Dit behoort teen Kersfees afgehandel te wees.

Die besluit dat daar iets aan die toestand van die stadsaal se dak gedoen moet word is reeds in April verlede jaar deur die stadsraad goedgekeur.